

3 November

Skrifgedeelte: Judas 1-25
Fokusgedeelte: Judas 3-19

Stry vir die evangelie!

Die brief van Judas is 'n baie kort maar, vir die tyd waarin ons leef, 'n ongelooflike ryk en aktuele brief.

Dié briefie bring gelowiges voor die geweldige aktuele saak te staan, naamlik om vir die evangelie te stry. Besef jy dat dit jou taak is om vir die evangelie te stry. Jy sal waarskynlik vra: "Ja, maar waarom moet ek vir die evangelie stry en hoe doen ek dit". Wel, die apostel beantwoord hierdie vrae.

Die rede waarom ons vir die evangelie moet stry, vind ons in verse 3 en 4. Daar het ongemerk goddelose mense, waarskynlik vals profete, die gemeente se geleedere binnegedring. Hierdie vals mense het so ongemerk ingekom dat die gemeente dit nie eers agtergekem het nie. Die rede waarom hulle dit so maklik kon regkry was omdat hulle Bybelse taal gebruik het. Hulle het Jesus se Naam op hulle lippe geneem en hulle het van God se genade gepraat.

Om hierdie verskriklike situasie in die kerk van die Here aan te spreek, doen Judas twee dinge. In verse 3-19 beskryf hy hierdie vals mense en in verse 20 en 21 gee hy raad oor wat ons daaraan kan doen.

Let op na enkele van die kenmerke van hierdie goddelose mense: Hulle misbruik die genade van God om losbandig te lewe en daarmee verwerp hulle ons enigste Meester en Here, Jesus Christus (vers 4); hulle verwerp die gesag van die Here (vers 5-9); hulle praat lasterlike dinge (vers 10-16); hulle word beheers deur hulle eie goddelose begeertes (vers 17 en 18); hulle bring verdeeldheid in 'n gemeente en word nie deur die Gees van God beheers nie (vers 19).

Sing: Psalm 31:14

Ds JL Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)